

# Les Plan Twee Habitats

## KRITIEKE UITKOMSTE

**KU#3:** Organiseer en bestuur jouself en jou aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektieke wyse.

## LEER UITKOMSTE

**LU#2:** Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

### Proses Vaardighede:

Waarneming en Herroeping  
Begrip en Verstandhouding

## ASSESSERINGS STANDAARDE

Herroep belangrike inligting wanneer nodig.

## HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Voor die les begin word moet die agtergrond inligting aangaande habitats op bladsy 11 eers hersien word.

Stel die leerders bekend aan die terminologie van 'n habitat - waar 'n dier woon. Maak gebruik van die leerders se insae en stel 'n lys op van al die dinge wat hulle in hulle tuiste nodig het ('n tuiste is groter as net die huis, dit sluit in waar hulle woon en ook al die dinge wat hulle nodig het om te oorleef soos kos, water en energie bronne). Laat hulle toe om enigiets neer te skryf waaraan hulle dink soos die TV, speelgoed, water, bed ens. Leerders word dus aangemoedig om te dink aan dinge wat hulle doen elke dag of items wat hulle gebruik elke dag. Bespreek die verskille tussen 'n noodsaaklikheid (water) en 'n begeerte/behoefte (coca cola). Trek nou twee kolomme op die bord met die opskrifte begeertes en noodsaaklikhede en lys al die voorstelle wat die leerders voorheen genoem het in die korrekte kolom. Die kolomme kan as inleiding gebruik word tot die vier basiese noodsaaklikhede nl. voedsel, water, beskutting en ruimte.

Vra die leerders om 'n lys op te stel van al die diere wat in hulle omgewing voorkom (voëls, honde, insekte ens). Daarna moet hulle sê waar in die omgewing hierdie diere woon en die leerders moet dinge identifiseer wat hierdie diere nodig het om te oorleef. Voorsien aan groepies leerders die Diere Kaart (bladsy met die diere op) en vra hulle om die individuele diere uit te knip. Laat hulle nou die diere op skoon velle papier rangskik op grond van hulle habitat ooreenkomste. Elke skoon vel papier kan 'n opskrif hê wat die habitat voorstel:

- in die huis
- boom
- vleiland
- oop veld

**SLEUTEL TOT ANTWOORDE** - (Hierdie dien net as moontlike antwoorde; as die leerder logies kan verduidelik hoekom hy 'n dier in 'n spesifieke habitat aangedui het, aanvaar sy antwoord)

Voël	- Boom	Padda	- Vleiland
Skerpioen	- Oop veld	Hond	- Huis
Kat	- Huis	Eekhoring	- Boom
Skilpad	- Oop veld	Muis	- Huis, oop veld
Akkedis	- Oop veld	Tor	- Boom, oop veld



Die leerders kan ook op 'n aparte vel papier kolomme trek met al die verskillende habitats as opskrifte en dan die diere wat op die habitat vel voorkom, in die korrekte kolomme rangskik. Hierdie kopieë kan dan weer in latere klasse gebuik word.

Laastens word die leerders gevra om faktore te identifiseer wat nodig is vir die jagluiperd om in sy habitat te oorleef. Bespreek die verskille en ooreenkomste tussen die jagluiperd en die leerders se omgewing. Dit sal die feit beklemtoon dat alle lewende wesens dieselfde benodigdhede het. Bespreek die vraag of dit kan lei tot konflik/kompetisie tussen spesies as almal dieselfde behoeftes het.



### AKTIWITEIT 1 - klassifikasie van 'n habitat

Gaan kry 'n verrotte stuk stomp op die skoolgrond en bespreek in die klas of die stomp aan die vereistes voldoen om as 'n habitat geklassifiseer te word. Hierdie is net 'n inleiding tot habitats en wys daarop dat habitats verskillende groottes kan hê en dat habitats kan verskil op grond van die lewensiklus van 'n spesifieke spesie.



### WAARDEBEPLING

1	2	3	4
Die leerder was nie in staat om die assosiasie te maak tussen die verrotte stomp en die vereistes vir 'n habitat nie.	Die leerder kon slegs gedeeltelik die voorspelling maak dat die verrotte stomp 'n habitat was.	Die leerder het die assesserings standaard bereik. Die leerder het van vorige kennis gebruik te maak om logies af te lei dat die stomp 'n habitat genoem kan word.	Die leerder het verwagtinge oortref en vertoon groter begrip vir die vereistes vir 'n habitat.

## AGTERGROND

### Wat is 'n habitat?

Alle lewende organismes het 'n woning of 'n habitat nodig waar hulle kan woon. Die habitat is die omgewing of die plek waar die dier sy lewe lank woon. Dit kan enigiets insluit van bergpieke tot die see bodem, woude of woestyn. Elke dier is spsiaal aangepas om in 'n spesifieke habitat te kan lewe. Elke persoon het ook 'n habitat wat groter is as net die huis waarin hy lewe. Dit sluit ook die omgewing in waarmee ons in kontak kom. Ons habitat sluit ook in die plek waar ons skoolgaan, inkopies doen of op vakansie gaan.

### Wat benodig diere van hulle habitat?

'n Habitat verskaf die vier basies noodsaaklikhede wat alle diere benodig: voedsel, water, ruimte en beskutting. Voedsel en water voorsien ons van die energie wat ons benodig om te kan lewe. Beskutting beskerm ons teen die aanslag vandie weer en teen vyande. Alle diere benodig genoeg ruimte om voedsel, water en beskutting in te vind. As daar nie genoeg ruimte vir alle lewende organismes in 'n habitat is nie, sal kompetisie plaasvind en sal die lewensbronne nie genoeg wees vir al die diere om te oorleef nie. Die jagluiperd benodig oop vlaktes met genoeg ruimte waar hulle teen topspoed kan hardloop sonder die gevaar om in iets vas te hardloop. Voorbeelde van sulke gebiede sluit in grasvelde, savannes en bosveld. Die jagluiperd verkies om in gebiede te woon waar net klein bevolkings van die ander kompeterende roofdiere soos leeus, luiperds, bobbejane en hyenas teenwoordig is. Dit beteken oor die algemeen dat die jagluiperd buite beskermde gebiede soos parke en reservate woon waar daar gewoonlik groot getalle roofdiere aanwesig is.





**DIERE KAART**

